

Gereformeerde Kerk Bellville – 27 Mei 2018 – Oggend

Sing vooraf staande: Psalm 33:9, 10 (p. 160)

- 9 Die oorlogspersd kan nie behou nie, / hoe hy ook aanstorm met geweld;
hy red nie met sy ysterklou nie / wat grimmig neerdreun op die veld.
Maar die HEER se oë / straal met mededoë / op wie, klein van krag,
voor Hom stilverslae / in hul donker dae / op sy goedheid wag.
- 10 Sy arm ontbloot Hy uit die hoogte / en red hul siele van die dood.
Hy sorg vir hul by somerdroogte, / in sware tyd en hongersnood.
In die grootste smarte / bly nogtans ons harte / op die HEER vertrou.
Hy, ons skild, Hy wyk nie, en ons hulp beswyk nie / waar ons hart op bou.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 146:1, 2, 3 (p. 700)

- 1 Prys die HEER met blye galme, / o my siel, daar 's ryke stof!
'k Sal, solank ek leef, my psalme / vrolik toewy aan sy lof
en Hom, wat sy guns my bied, / altyd groot maak in my lied.
- 2 Moet op prinse nie vertrou nie, / by wie niemand heil kan vind –
op die mens jou hoop nie bou nie; / want as God hul gees ontbind,
keer hul na die aarde weer / en hul raadslag stort teerneer.
- 3 Salig hy wat in die lewe, / sonder hulp en sonder raad,
as hom alles wil begewe, / vlug tot God, sy toeverlaat;
en ook in die swartste nag / op die HERE^oalleen bly wag.

Geloofsbelydenis: Nicea

Wet

Psalm 65:2, 3 (p. 314)

- 2 Dis waar, 'n donker skuldverlede / leef in ons heugenis;
maar al ons ongeregtighede / word deur U uitgewis.
Welsalig wie in skuld verlore, / versoeningswoord hoor ruis;
vir wie U uitkies, lank tevore, / 'n woonplek in u huis.
- 3 Ons al ons in u huis versadig / met hoogste gunsbewys:
met heil'ge goed wat U milddadig / laat stroom uit u paleis.
U antwoord ons in reddingsdade: / gedug is U in mag
Ons prys die blyk van u genade; / die vyand toon ontsag.

Gebed

Psalm 63:1, 2 (p. 307)

- 1 My God, wat tog my lewe is, / hoe smag my hart as 'k U moet mis!
Ek soek U, HEER, terwyl ek kwyn / in sielsverlatenheid en pyn.
Ek smag soos alles hier om my / waar 'k swerf in wilde woesteny,
'n dor en uitgedroogde land / waarop die son se vlamme brand.
- 2 Ek het voorheen, in stille wag, / U in u heiligdom betrag,
waar U in glans, aanbidd'lik skoon, / en alvermoënd sit ten troon.
Want bo ons lewe^oin kommernis, / wat sonder U geen lewe is,
skat ek u grote goedheid, HEER, / waarvoor my mond U dankend eer.

Skriflesing: Jeremia 16:14-17:18

Kernverse: Jeremia 17:5-8

So sê die HERE: Vervloek is die man wat op die mens vertrou en vlees sy arm maak, terwyl sy hart van die HERE afwyk. En hy sal wees soos 'n kaal bos in die wildernis, en hy sal nie sien as die goeie kom nie, maar dor plekke in die woestyn bewoon, 'n brakkerige en onbewoonde land. Geseënd is die man wat op die HERE vertrou, en wie se vertrou die HERE is. Want hy sal wees soos 'n boom wat by die water geplant is en sy wortels uitskiet by die stroom en nie vrees as daar hitte kom nie, maar sy blad bly groen; en in 'n jaar van droogte is hy nie besorg nie en hou nie op om vrugte te dra nie. (Jeremia 17:5-8 AFR53)

Tema: 'n Kaal bos in die wildernis of 'n boom by die stroom

Geliefde gemeente van ons Here Jesus Christus, iemand het een keer die Bybel vergelyk met die see aan die strand. Daar is plekke aan die strand wat die see so diep is dat 'n groot-mens skaars daarin kan staan. Maar daar is ook plekke aan die strand waar klein kindertjies in die water kan baljaar. Die Here gee sy Woord vir hulle wat baie geleerd is en selfs met al hulle geleerdheid kan hulle die rykdom van die Woord nie uitput nie. Die Here gee sy Woord ook aan klein kindertjies sodat ook hulle die Here kan leer ken as God en Vader.

In die Bybel het God vir ons dinge neergeskryf wat vir teoloë moeilik is om te begryp, maar met die leiding van die Heilige Gees kan 'n mens op 'n punt kom en sê dat jy verstaan wat die Here openbaar. Maar dan is daar ook gedeeltes in die Bybel waar die Here nie wil hê dat mens net kennis daarvan dra nie, maar Hy wil hê dat 'n mens ten volle sal begryp wat Hy sê. Ons kernverse vanoggend is een van daardie gedeeltes wat die Here vir ons gee sodat ons dit nie net sal lees nie maar ten volle sal verstaan waaroor dit gaan. Die beelde wat die Here in hierdie vier verse gebruik om sy wil aan ons bekend te maak, is eenvoudig genoeg dat selfs 'n kind dit kan insien.

Broers, susters en kinders, die Here het vir Jeremia geroep en aangestel as profeet toe Jeremia self nog maar baie jonk was. Sy ouderdom by sy roeping word gereken tussen sestien en vier en twintig jaar. Die Here het aan hom 'n gewigtige opdrag gegee om as profeet uit te voer. Jeremia moes as profeet van die Here optree in Juda sowel as teenoor koninkryke en nasies. Sy opdrag was om as profeet uit te ruk en af te breek en hy moes plant en opbou (Jer 1:10). Hy moes dus die oordele van die Here oor die volk van die Here aankondig. En hy moes die hoop en genade van die Here aan die volk verkondig. Dit het Jeremia gedoen vir meer as veertig jaar lank.

Wanneer die Here sy oordeel oor die volk aankondig, het Hy dit nog voltrek nie. Hy kondig sy oordeel oor die volk aan – nie omdat Hy hulle wil vernietig nie – maar omdat Hy wil hê dat hulle hul sal bekeer van hulle verkeerde weë. Die verkeerde paaie waarop Juda gewandel het in die dae van Jeremia was hulle minagting van albei die tafels van die Wet van die Here. In plaas daarvan dat hulle die Here gedien en geëer het omdat Hy die enigste lewende God is, het hulle die land van die Here gevul met afskuwelike dooie afgode wat hulle aanbid het. In plaas daarvan dat hulle uit liefde omgesien het na hulle naaste, het hulle eerder die weerloses in die samelewing uitgebuit vir hulle eie gewin.

Te midde van al hierdie onreg wat Juda gepleeg het, het hulle steeds daarop aanspraak gemaak dat die Here hulle God is. Die Here se tempel staan immers in Jerusalem. Omdat die Here sy Naam oor Jerusalem uitgeroep het en sy tempel daar laat bou het, sal daar niks kom van die verskriklike oordele waarvan Jeremia gepraat het nie. Die Here sal mos

nie sy tempel laat verwoes nie, het hulle geredeneer.

Met hierdie praatjies het die volk gedink kan hulle Jeremia stilmaak en die Here laat afsien van sy oordele wat Hy aangekondig het. Maar die Here laat Hom nie ompraat deur mense wat nie hulle ore vir Hom wil oopmaak nie. Hy heg nie dieselfde waarde aan 'n plek soos wat mense doen nie. Die volk het gereken dat hulle veilig is omdat die tempel in Jerusalem staan. Die Here beskerm en red mense van gevaar nie oor die plek waar hulle skuil nie. Hy red en beskerm hulle wat na Hom luister en hulle toevlug tot Hom neem. Dit gaan dus nie oor *waarin* jy skuil nie, maar *in wie* jy skuil.

Dit was gedurende hierdie tyd dat die Babiloniese ryk van Nebukadnesar 'n al groter en sterker en moondheid geword het. Die Babiloniërs het al in hierdie tyd die ryk van die Assiriërs oorrampel. En toe die dreiging al erger geword het vir Juda het hulle in plaas daarvan om hulle vertroue in die Here te stel hulle hulp by Egipte gaan soek.

Daarom kom hierdie ernstige uitspraak van die Here tot sy volk. Hy sê nie vir hulle wat hulle moet doen nie. Hy het al oor en oor vir die volk gesê dat hulle hul moet bekeer. Met die twee beelde of vergelykings sê die Here eenvoudig hoe die mens is wat nie gehoorsaam is aan die Here nie teenoor hoe die mens is wat die woorde van die Here ter harte neem.

In vers 5 spreek die Here 'n vloek uit oor die mens wat sy vertroue op 'n mens stel. Vervloek is die mens wat dink dat hy by 'n sterflike mens wat maar 'n skepsel van God is die uitkoms sal kry waarna hy smag. Die Here sê waar so 'n mens se hart is ten opsigte van die Here. Sy hart het afgewyk van die Here af.

Omdat hy nie meer naby die Here lewe soos wat die Here hom geleer het nie, ken hy nie meer die Here nie. Juda het hulleself al so lank besig gehou met nuttelose afgode, dat hulle nie meer die Here se krag ken nie. En noudat die Babiloniërs al dreigend naderkom, kom hulle agter dat die afgode hulle ook nie gaan help nie, want dit is dooie afgode. Daarom gaan soek hulle hulp by iemand wat lewendig is. In plaas daarvan dat hulle na die Lewe-gewer toe draai, draai hulle na 'n mens toe en stel hulle vertroue in die mens om hulle uit die ellende te help.

Die mens wat egter sy vertroue in die Here stel, word deur die Here geseënd genoem. Sy hart is op die Here gevestig, want hy ken die Here as die almagtige en alomteenwoordige God. Omdat Hy die Here ken, kan hy die Here ook vertrou. En dit is nie so dat hy sy vertroue in die Here stel net ingeval sy eie plannetjies nie werk nie. Hy hou die Here nie as 'n spaarwiel aan om te gebruik net wanneer hy Hom nodig het nie. Die Here self is sy vertroue. Vir die mens vir wie daar niks en niemand anders is nie behalwe die Here, is geseënd.

Waarheen is my en jou hart gerig? Daar is nie een mens wie se hart van nature na die Here toe gedraai is. Wanneer daar skielik nood in ons lewens kom, begin ons dadelik daaraan dink hoe ons uit die moeilikheid gaan kom of bly. Ons dink heel eerste wat ons kan doen en as ons eie planne uitgeput is, draai ons na ander mense toe. Daar is maar min mense wat heel eerste na die Here toe draai om hulp te vra. 'n Mens draai eerder na 'n ander mens toe, want jy wil nou dadelik 'n oplossing hê.

Om na die Here toe te draai vir hulp, beteken nie dat jy altyd dadelik die uitkoms kry nie. Ja, daar is voorbeelde in die Bybel dat die Here die gebede van gelowiges oombliklik of baie gou nadat hulle gevra het, verhoor het. Maar in baie gevalle beteken draai na die Here

toe vir hulp dat jy ook sal moet wag. En dit is met hierdie gewag op die Here dat mense ongeduldig is.

Wie op die Here vertrou, kry dikwels nie so gou die oplossing as wat hulle verlang nie. Baie maal is die oplossing ook nie dit wat hulle verwag het nie. Maar die Here sê:

Geseënd is die man wat op die HERE vertrou, en wie se vertrou die HERE is.
(Jeremia 17:7 AFR53).

Maar laat ons eers kyk wat beteken dit as die Here sê die mens wat sy vertrou op 'n ander mens stel, is vervloek. Die mens wat sy vertrou op 'n sterflike mens stel, is soos 'n kaal bos in die wildernis. Die wildernis waarvan hier gepraat word, lyk nie soos die wildernis tussen George en Knysna in die Suid-Kaap nie. Hierdie wildernis is 'n klipperige vlakke waar niks groei nie. Die grond is nie geskik vir enige plantegroei nie, want dit is brakkerig of souterig. Die wêreld waar hierdie kaal bos staan, is dus nie net 'n droë woestynwêreld nie, maar dit is souterige grond waarin hy staan. En ons weet sout trek die vog uit alles rondom hom uit. So 'n kaal bos kan geen vrugte voortbring nie. Hy probeer net oorleef in die dorre wêreld en het nie eens die energie om blare te hê nie, wat nog te sê om vrugte te dra. En selfs al kom die goeie, sal hy dit nie eers sien nie. Hy is so daarop ingestel net om te oorleef uit die karige bietjie wat hy nog in die hande kan kry dat hy nie die goeie sien wat kom nie.

Die mens wat dus sy vertrou in mense stel, lê homself aan bande. Dit is nie Here wat hierdie mens soos 'n kaal bos maak nie. Omdat hy op mense vertrou wat in elk geval nie krag in hulleself het nie, is hy soos 'n kaal bos. En groot is die teleurstelling as jy gedink het jy het nou vir jouself 'n toekoms verseker deur jou hulp by 'n ander mens te soek en dit is wat van jou word. Dit is soos die fisant wat op eiers broei wat hy nie gelê het nie. Net soos wat jy dink nou het jy dit, is jy alles kwyt.

Die mens vir wie die Here sy vertrou is se lewe verskil soos dag en nag van hierdie dwase mens se lewe. Hy is soos 'n boom wat by die stroom uitskiet. Die mens wat in die Here sy vertrou stel, kom niks kort nie. Hy het die lewe in oorfloed, want hy is gevestig in die vrug-baarste grond wat daar is. Uit die Here ontvang hy oomblik vir oomblik alles wat hy nodig het om te kan lewe en te groei. Daarom vrees hy nie as daar hitte kom nie. Sy blare verdor nie eers in die hitte nie, dit bly groen.

Om op die Here te vertrou en by die Here te skuil, sê nie dat jy nooit ongemaklike en moeilike tye sal hê nie. Die dinge soos hitte en droogte gebeur ook met die boom wat langs die stroom geplant is. Maar daardie benoude oomblikke verskrik hom nie, want hy weet hy is by die waterstroom gevestig. In teenstelling met die kaal bos in die wildernis wat net spook om te oorleef en daarom nie eers blare het nie, is die boom langs die waterstroom nie net oortrek met groen blare nie, hy dra ook vrugte. En selfs in die moeilike omstandighede van 'n droogte hou hy nie op om vrugte te dra nie.

Hierdie man wat so geseënd is omdat hy sy vertrou in die Here stel, het niks in homself om op te roem nie. Dit is nie omdat hy net beter keuses gemaak het as die ander ou wat sy vertrou in mense gestel het nie. Die Here maak dit in vers 9 duidelik dat die mens se hart van nature bedrieglik is, want dit verdorwe. Dit is omdat die Heilige Gees aan hom 'n nuwe hart gegee het en sy ore en oë geopen het toe die Here met hom gepraat het. In sy nuwe hart het die Heilige Gees dit wat onwillig was, gewillig gemaak; en dit wat ongehoorsaam was, gehoorsaam gemaak. Daarom het hy sy vertrou in die Here gestel.

Dat ons vanoggend in hierdie erediens is, is nie omdat ons 'n beter keuse gemaak het as ander mense nie. Dit is ook nie omdat ons beter gebruik gemaak het van die geleenthede wat die Here aan ons gegee het nie. Dit is die Heilige Gees wat jou en my bedrieglike harte met bande van liefde na Christus toe getrek het. En dit is in en deur Jesus Christus dat ons God leer ken as die God in wie ons al ons vertrou kan stel.

In Christus betoon God Homself as die regverdige God wat die sonde vergewe, maar nie ongestraf laat bly nie. In plaas daarvan dat Hy die mens regverdig gee wat hy verdien vir sy oortredinge, straf Hy die sonde aan sy eie geliefde Seun. Daarom mag ek en jy in die Naam van die Here Jesus tot God nader en Hom smEEK om vergifnis. Ter wille van sy Seun ver-gewe God dan ook die sonde.

En juis deur so gelei deur die Heilige Gees jou toevlug tot Christus te neem, bind die Heilige Gees elke ware gelowige nog hefter in Christus in. En vanoggend het ons nog die voorreg om te beleef hoe innig die Heilige Gees gelowiges met Christus se geseënde liggaam verenig. Die Heilige Gees maak die gelowige deur die geloof so een met Christus dat ons kan bely dat die gelowiges vlees van sy vlees en been van sy gebeente word. Dit wil sê dat die gelowiges deur een Gees – soos die ledemate van die liggaam deur een siel – ewig lewe en geregeer word.

Wanneer die Heilige Gees die gelowiges so met die ware geloof hefter in Christus verenig, doen Hy dit nie net sodat die gelowige 'n rustige en sorgvrye lewe kan geniet nie. Hy doen dit ter wille van God self. God weet dat die mens wie sy vertrou so in Christus stel, standvastig sal wees, groei en vrugte dra waardeur God self verheerlik word. Mag hierdie nagmaal aan jou en my weer die versekering gee dat ons in Christus gevestig is – Hy wat ons lewe is. En mag ons uit sy lewe wat Hy met ons deel die vrugte dra wat ons ook onderneem om te dra.

Amen!

Gebed

Psalm 63:3, 4 (p. 308)

- 3 Ek wil U prys my lewe lank, / my hande ophef en U dank.
Want, soos met vettigheid, sal weer / my siel versadig word, o HEER!
My mond sal jubelend U noem, / my lippe hoog u weldaad roem
wanneer die aarde^oin nag versink – / dan sal ek peinsend aan U dink.
- 4 U was, o God, 'n hulp vir my. / U het u vleuels uitgesprei
om met beskerming my te dek / en jubels in my hart te wek.
O God, só met my lot begaan, / hoe kleef my siel U agteraan!
Vertrouensvol op U geleun, / voel 'k hoe u hand my ondersteun.

Formulier vir die viering van die heilige nagmaal

Psalm 23:1, 3 (p. 107)

- 1 Net soos 'n herder uittrek met sy skape / en hul laat neerlê in die veld van milde groen,
met sagte hand hul lei langs stille waters – / so is die HEER, so het Hy ook aan my gedoen:
Hy laaf my siel en lei my swakke skrede / in vaste spoor van sy geregtighede.
- 3 U bring vir my die tafel in gereedheid, / my hoof druiP olie en my beker vloei van wyn,
'n bron van goedheid stroom vir my gedurig; / dit is my gees 'n vreug, my vyande 'n pyn;
dit kroon my lewe met u welbehae; / en in u huis, daar bly ek al my dae.

Aan tafel: Psalm 116

Met die terugbeweeg: Psalm 118

Slotpsalm 84:3, 4 (p. 425)

- 3 Welsalig is die mensekind / wat al sy sterkteⁿ in U mag vind,
en op mag gaan na Sions hoogte. / Wanneer hul haas van dors verkwyn,
dan is die HEER self hul fontein / waar dorland smag van somerdroogte.
Ook sal 'n reën hul daar oordek / wat hul tot nuwe lewe wek.
- 4 Hul sal van krag tot krag steeds gaan / totdat hul voet in Sion staan:
geeneen wat daar nie sal verskyn nie. / Let, HEER der leërskaer, let
op my geroep, hoor my gebed, / en laat my nie in druk verkwyn nie.
Leen my 'n toegeneë oor; / o Jakobs God, gee my gehoor!

Die HERE sal jou seën en jou behoed;

Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;

Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

Amen.

Ds Coen Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
27 Mei 2018